
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, January 04, 2019
Page: 33





# Hoe gemaak as jy nie erf soos jy verwag nie?

**Hoewel dit 'n voorreg is om te erf, en nie 'n reg nie, is daar gevalle waar 'n mens aanspraak mag maak op 'n deel van 'n oorledene se bates of besittings. Maak ook altyd seker die testament voldoen aan alle vereistes.**

Amor Vittone gaan glo net 'n TV-stel van Joost van der Westhuizen erf, het ek in die koerante gelees. Ek het egter nuus vir hulle – sy gaan net 'n halwe TV-stel erf.

Sepies en glanspersoonlikhede se lewe gaan by my verby. Maar ek meen daar is in die geval van Amor, Joost en sy testament, soos ek in koerantberigte lees, baie waarna ons kan kyk vanuit die hoek van algemene boedelbeplanning.

Ongelukkig is daar baie mans wat hul vrou probeer onterf. Dít is die onderwerp van dié rubriek. Dit gaan oor algemene regsbeginsels, nie spesifiek oor die openbare geveg tussen Amor en die trustees van Joost se trust nie.

## VEREISTES

Die kwessie oor Joost se testament het in die hof gaan draai omdat Amor die jongste testament betwis het. Dit het op die oog af nie voldoen aan die vereistes vir 'n geldige testament nie, soos bepaal in die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953). Die geskil was oor die geldigheid van die ondertekening daarvan.

Dit is die eerste belangrike punt. Moenie kortpaaie probeer neem met jou testament nie. As die testament nie aan al die vereistes voldoen nie, kan net 'n regter bepaal of dit as 'n testament aanvaar word of nie. Indien die regter dit afwys, sal jou goed intestaat (sonder testament) vererf. Dit kan daartoe lei dat mense wat jy glad nie in gedagte gehad het nie, jou bates erf, en diegene wat jy graag wou laat erf, teleurgestel word.

Bly veral weg van familie en vriende wat jou wil "help" om jou testament op te stel. Gebruik kundige mense. Dit sal help om jou naasbestaandes uit mekaar se hare en veral uit die hof te hou.

## HUWELIKSLUITING

Wat staan mense wat hulle in 'n soortgelyke situasie as Amor bevind, dan te doen?

Die hof het die mees onlangse testament as Joost se testament erken. Luidens berigte het hy daarin net die TV-stel aan Amor bemaak, en die res van sy besittings aan 'n trust vir sy kinders. Hulle was na berig word binne gemeenskap van goedere getroud. As jy só getroud is, besit jy en jou gade alles om die helfte. 'n Halwe onverdeelde aandeel, sê die reg. Dit sê gewoon dit is 'n onbepaalbare helfte. Dis hoekom ek sê Amor erf net 'n halwe TV-stel – tensy die TV uitgesluit was toe hulle getroud is.

Dit beteken ook die helfte van haar goed, anders as wat spesifiek by huweliksluiting uitgesluit was, was ook in sy boedel en vorm dus deel van die gemeenskaplike boedel waaruit hy na goeddunke sy helfte kon bemaak. Kortom, as jy binne gemeenskap van goedere getroud is, kan jou man jou net "onterf" met sy helfte van die gemeenskaplike boedel.

Maar dit is nie die einde nie. Vroue wat hulle in Amor se situasie bevind, kan steeds veg om die helfte waarmee hul man hulle "onterf" het. Let egter daarop dat niemand 'n reg het om te móét erf nie. Enige reg om te erf, sal spruit uit die testamentêre bemaking.

Daar is egter die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) wat aan 'n oorlewende gade wat te na gekom is, 'n reg op 'n eis teen die boedel gee vir soveel as wat nodig kan wees vir lewenslange onderhoud of tot by hertroue. Dit is 'n bevoorregte eis in dieselfde mate as 'n eis van 'n minderjarige kind van die oorledene.

Die ma van die kinders kan 'n eis teen die boedel instel vir die onderhoud van die kinders, en, soos genoem hierbo, sal so 'n eis voorrang geniet. Die Grondwet bepaal ook dat in alle gevalle waar 'n kind of kinders ter sprake is, die belange van die kind voorrang moet geniet. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**, tel. **021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.